Mozart Requiem Maart 2017

1. Agtergrond

In Maart 2016 is vir die eerste keer ‘n samewerkingsprojek tussen die Koepel Kunstesentrum en St. John’s College in Johannesburg onderneem, waartydens die Johannespassie van Johann Sebastian Bach op historiese instrumente saam met die skool se koor uitgevoer is. Vir beide partye was die samewerking voordelig: Die skool, wat ‘n jaarlikse begroting vir ‘n konsert met orkes en koor het, het deur die Kunstesentrum se kundigheid op die gebied van historiese uitvoeringspraktyk toegang tot ‘n orkes gekry onder die deskundige leiding van Antoinette Lohmann, barokvioliste en hoof van die departement Vroeë Musiek aan die Amsterdamse en Utrechtse Konservatoria. Die Kunstesentrum het die geleentheid om ‘n volskaalse orkesprojek aan te bied met die hulp van die skool. Die projek het verder ‘n betaalde uitvoeringsgeleentheid aan die musici gebied, en daarmee motivering verskaf aan professionele musici om hulle in historiese uitvoeringspraktyk te bekwaam.

Hierdie sinergie is in Maart 2017 voortgevoer deur die gemeenskaplike uitvoering van die Requiem Mis in d mineur van Wolfgang Amadeus Mozart. Benewens die uitvoering saam met die skoolkoor by St. John’s College, is die werk met ‘n kamerkoor van 12 lede ook in Pretoria en Vredefort uitgevoer, ‘n besetting wat reg laat geskied aan die doelstellings van die historiese uitvoeringspraktyk. Die konserte stel ‘n mylpaal in die ontwikkeling van Vroeë Musiek in Suid-Afrika daar, as die eerste uitvoerings op historiese instrumente van hierdie werk, en die eerste plaaslike uitvoering hoegenaamd op klassieke instrumente. Dit is verder ‘n bewys van die groeiende belangstelling en toewyding onder plaaslike musici, dat dit moontlik was om die werk met slegs drie gasspelers uit die buiteland te kon uitvoer.

2. Afloop van die projek

Die kamerkoor bestaande uit 12 lede is reeds in Januarie 2017 deur die Nederlandse tenoor Marcel Beekman deskundig voorberei op die uitvoering, tydens meestersklasse wat volledig deur die Koepel Kunstesentrum befonds en aangebied is. Die koor het twee weke voor die begin van die projek weer vir ‘n oefennaweek byeengekom.

Op Sondagmiddag 26 Maart het die strykers van die ensemble meestersklasse in historiese uitvoeringspraktyk deur Antoinette Lohmann ontvang. Die klarinettis Teddy Ezra het reeds op Saterdag 25 Maart uit Duitsland aangekom en kon die plaaslike klarinettis Allan Thompson, onderwyser aan St. John’s College en reeds in besit van ‘n klassieke klarinet, op die bassethoring (wat van die instrumentbouer Tutz in Innsbruck gehuur is) touwys maak. Op Maandagoggend 27 Maart het die fagottis Wolfgang Mücke uit Duitsland aangekom en kon die houtblasers voor die eerste orkesoefening ‘n groepsoefening hou.

Twee tutti-oefeninge met die orkes, beide kore, en soliste, het op Maandagaand en Dinsdagaand plaasgevind. Op Woensdagaand 29 Maart is die Requiem voor ‘n geesdriftige gehoor in die Darragh Hall met die gesamentlike koor uitgevoer. Na ‘n oefening met die kamerkoor, orkes en soliste, is die werk op Saterdagaand 1 April in die NG Kerk in Vredefort uitgevoer, en op Sondagmiddag 2 April in die Lutherse Johanneskerk in Pretoria-Oos. Beide konserte is goed deur die publiek ondersteun en geesdriftig ontvang. Veral die koor het uitgeblink, en dit is ‘n bevestiging van die beginsels van die historiese uitvoeringspraktyk dat die koor, bestaande uit slegs 12 sangers, nooit dinamies deur die orkes oorheers is nie.

Na afloop van die projek het Antoinette Lohmann saam met John Reid Coulter, plaaslike deskundige vir historiese uitvoeringspraktyk op klawerbordinstrumente, ‘n solo-uitvoering gegee.

3. Die Musikale Direksie

Antoinette Lohmann

is pas as hoof van die afdeling vir vroeë musiek aan die Konservatorium van Amsterdam aangestel, en lei steeds ook die vroeë musiek aan die Utrechtse Konservatorium. Sy onderrig barokviool en altviool asook die dokumentasie van historiese uitvoeringspraktyk. Sy was voorheen in uiteenlopende musiekterreine aktief, maar konsentreer huidiglik op die historiese instrumente viool, altviool, viola d’amore, tenoorviool en viola pomposa. Haar voorliefde vir die uitsnuffel van onbekende repertoire het gelei tot verskeie opnames, soos onder andere die sonates vir klavier en viool van Joseph Martin Kraus en Margarethe Danzi. As uitvoerende musikus speel Antoinette Lohmann in ensembles soos Ensemble Schönbrunn, Camerata Trajectina, die Nederlandse Bachvereniging, Musica Temprana, die Kölner Akademie, la Sfera Harmoniosa en in die Utrechtse Barok-Consort. Antoinette Lohmann het sedert 2008, toe sy die eerste maal ‘n projek op uitnodiging van die Koepel Kunstesentrum gelei het, die land herhaaldelik besoek en gee gereeld konserte en meestersklasse. Onder andere is sy reeds drie jaar by die winterskool in vroeë musiek aangebied deur die Universiteit van Kaapstad betrokke.

Ben Oosthuizen

After a two year period as choirmaster at the Drakensberg Boys' Choir school in 1984 and 1985, Ben Oosthuizen was appointed as Director of Music at St John's College in Johannesburg in 1987. St John's is an Anglican church school, and both the Prep School and College boys attend a full weekly sung mass.

Oosthuizen was responsible for the establishment of an instrumental programme which runs from the grades to post matric. More than 550 boys take instrumental lessons and many participate in several contemporary ensembles, Jazz Bands, Big Band, Wind band and Symphony Orchestra.

Under his leadership an excellent choral singing programme has been developed and the combined choirs from the Prep and College sing at the weekly masses as well as a major choral work every year. The most recent performances were Mozart's Requiem (2017) and Bach's St John Passion (2016 and 2015).

4. Deelnemers

Sopraansolis:	Linelle Engelbrecht
Altsolis:	Elizabeth Lombard
Tenoorsolis:	Nicholas Nicolaidis
Bassolis:	Aubrey Lodewyk
Sopraan:	Alna Smit, Louise Conradie, Leana Kirchner
Alt:	Runhild Hüsselmann, Charla du Plessis, Steffie le Roux
Tenoor:	Walter Fourie, Manna Stander, Wimpie Kotzé
Bas:	Corniël Calitz, Marthinus van der Walt, Rassie Smit
Viool 1:	Antoinette Lohmann, Katrien Klopper, Dorota Swart
Viool 2:	Elmarie van der Vyver, Tanya Spiller, Andrew Gilbert
Altviool:	Friederike Scholtz, Isabella Bonnet
Cello:	Nicola Johannes, Alex Whitehead
Kontrabas:	Hilton Anspach
Bassethorings:	Teddy Ezra, Allan Thompson
Fagotte:	Wolfgang Mücke, Gerhard Benade
Trompette:	Phillip Cox, Braam van Tonder
Altskuiftrompet:	Hendri Liebenberg
Tenoorskuiftrompet:	Christoph Spies
Basskuiftrompet:	Jurie Swart
Pouke:	Maritsa Barlow

5. Die Musiek

Mozart se Requiem mis in d mineur is een van sy mees bekende en gewilde werke, ten spyte van die feit dat Mozart self slegs omtrent een derde van die musiek gekomponeer het. Hy is dood terwyl hy met hierdie opdragwerk besig was. Aan die voltooing daarvan het verskeie musici meegewerk, hoofsaaklik Franz Xaver Süßmayr, een van Mozart se studente. Dit is kort na die voltooing nie-amptelik deur Süßmayr uitgevoer, maar die eerste amptelike uitvoering deur Walsegg, die opdraggewer, het eers in 1794 plaasgevind.

Moderne uitvoerings bied die werk met groot vokale ensembles aan, hoofsaaklik weens die besetting met drie skuiftrompette. Selfs hedendaagse opnames met historiese instrumente deur kundiges op die gebied van Vroeë Musiek gebruik orkeste met 'n strykerbesetting van minstens 6 eerste en 6 tweede viole, en kamerkore met minstens 30 stemme. Dit is egter onwaarskynlik dat met die eerste uitvoering van die Requiem, so 'n groot apparaat gespeel het. Alleen al die ruimtelike beperkings van die kerke waarin hierdie tipe werk uitgevoer sou word, maak die medewerking van soveel musici onwaarskynlik. Mozart was sekerlik bewus van hierdie omstandighede tydens die komposisie. Ons uitvoering van die werk met 'n klein ensemble, wat deurlopend goed gebalanseerd was en groot lof, ook van die kritici, uitgelok het, bevestig die geldigheid van hierdie benadering. Dit onderskraag ook weereens die groot waarde van die Vroeë Musiek-beweging, wat bekende werke in 'n nuwe klankgedaante laat verskyn en daardeur opwindende nuwe impulse vir die uitvoering gee.

Die konsert is geopen met die uitvoering van die bekende *Ave verum corpus* vir koor en strykers van Mozart. Daarna is die *Requiem* uitgevoer.

6. Pers

Die onderstaande resensie van Paul Boekkooi het na die konsert in Pretoria in die Beeld verskyn.

’n Ontsag van klankdrama in dié Requiem

Deur **Paul Boekkooi** 04 April 2017 19:46

Requiem (Mozart), Lutherse Johanneskerk, Pretoria

Musici, net soos konsensieuse geneeshere, is beroepsmense wat hulle deurlopend behoort te vergewis van nuwe ontdekkings en ontwikkelings, asook die toepassing daarvan op hul onderskeie vakgebiede.

Die vloedgolf van histories ingeligte uitvoeringspraktyke wat sedert die 1950’s in Europa toegepas is en uitgebrei het, was dekades lank nie vir Suid-Afrikaners beskore nie. Die redes daarvoor was legio, maar ons geografiese afgesonderdheid was ’n deurslaggewende faktor.

Vandag word daar deur verskeie individue in verskillende dele van die land hard gewerk om dié beweging plaaslik wyer te vestig en die publiek daarvan te oortuig dat dit ons musieklewe en -ervarings enorm kan verryk.

Hierdie uitvoering van Mozart se Requiem, asook die kort maar aangrypende “Ave verum corpus” vir koor en strykers, was sonder twyfel een van die min hoogs bevredigende en inspirerende uitvoerings van dié werke wat hierdie resensent in 40 jaar ervaar het.

Dank gaan uit aan Gerard Benade wat sy Koepel Kunstesentrum naby Vredefort al jare beskikbaar stel aan Suid-Afrikaanse musici, asook talle genooide spesialiste van oorsee wat met hul kundigheid en vaardighede komponiste en gehore op die hoogs moontlike vlak dien.

Die afgelope Sondag in Pretoria was dit die laaste van drie uitvoerings van Mozart se weliswaar problematiese maar uiters progressiewe, vooruitskouende en deels opstandige swanesang deur dié groep sangers en musici.

Waarom sou dié werk só beskryf kon word? Sy Requiem verlaat gereeld al die gevestigde Klassieke paaie op pad na ’n striemende drama, oomblikke van hewige woede, maar ook vertroostende berusting – dus musiek as uiting van suiwer maar hoogs individuele emosies.

Onder leiding van Benjamin Oosthuizen as dirigent het die 20-stuks-Ensemble Fons Partita met Antoinette Lohmann as konsertmeester opgetree, ’n kamerkoor met 12 lede, plus Linelle Engelbrecht (sopraan), Elizabeth Lombard (alt), Nicholas Nicolaides (tenoor) en Aubrey Lodewyk (bas) as soliste.

Opvallend van die uitvoering as geheel was die perfekte klankewewig wat met sulke beskeie getalle rondom die musici en sangers bereik word. Die klankbeeld was deurgaans deursigtig en is as sulks deur die dirigent ook uiters vakkundig dinamies afgewissel.

Daar was enkele kere waar die sinchronisasie tussen orkes, koor of soliste nie perfek was nie. Tog is die genialiteit van Mozart, -Süssmayr en wie weet presies watter ander komponiste aan dié torso van ’n nagelate partituur gewerk het, se kollektiewe aandeel in dié uitvoering oortuigend waar gemaak.

Die kwartet van soliste het ’n eenheid rondom betrokkenheid in ensembles en spesifiek in die Benedictus gevorm, maar dit was in hul individuele prestasies waarin hulle die sterkste uitgestaan het, soos Lodewyk in ’n uiters resonante en noukeurig geartikuleerde Tuba mirum.

Die Johanneskerk se geensins galmende akoestiek was bevorderlik vir lewendige ekspressiewe klanke, soos in die dubbelfuga van die Kyrie.

E.T.A. Hoffmann se mening oor dié Requiem as synde “ontsagwekkend”, is bepaald nie oordrewe nie . . .

http://www.netwerk24.com/Vermaak/Musiek/n-ontsag-van-klankdrama-in-die-requiem-20170404

7. Reaksie van Deelnemers

Al die musici wat aan hierdie projek meegewerk het, was uiters geesdriftig oor die groot sukses van die uitvoerings en die ongewone klankbeeld wat deur die klein besetting en die historiese instrumente ontstaan het. Die twee oorsese houtblasers, Teddy Ezra en Wolfgang Mücke, wil graag in die toekoms Suid-Afrika weer besoek en daar is ‘n moontlikheid om die instrumentbouer Tutz, wat die een bassethoring beskikbaar gestel het, en sy vrou, Linde Brunmayr, traversospeler en dosent aan die Hochschule für Musik, Trossingen, vir toekomstige projekte te werf. Konkrete beplanning vir ‘n soortgelyke projek vir 2018 is reeds aan die gang, en dit word beoog om behalwe die uitvoering van ‘n groot werk vir orkes en koor ook die teenwoordigheid van die deskundige houtblasers te benut deur ‘n kamermusiekprogram aan te bied.

Ben Oosthuizen The choir of St John’s College has performed both the Mozart Requiem and the Bach Johannespassion in the past on modern instruments at 440Hz. In past performances the application of the historically informed principles were executed by the singers but not by the instrumentalists. It is obvious that both orchestral and vocal material should be using the same principles, but in South African there is unfortunately not a leader of the orchestra who has the knowledge and passion to assist with this aspect.

During our recent 2017 orchestral rehearsals of the Requiem, Antoinette Lohmann not only made drastic changes to the bowing of the stringed parts, but gave informed suggestions to all orchestral players explaining how the principles involved has an affect on all performers. She rehearsed with great patience, in separate rehearsals, with the strings in absolute detail, sometimes painstakingly note by note, phrase by phrase. This resulted in an approach where all instrumentalists and singers were able to understand the reason for making changes and producing an integrated orchestral and vocal sound.

The string players used gut strings which produce a totally different sound. The use of copies of the original woodwind and brass instruments made a monumental difference to the performance: Not only do the period instruments offer a timbre which integrates better with the vocal forces, but the duplication of many vocal parts by the brass, especially in the fugal parts, are problematic on modern instruments as the sound is at times hopelessly too loud. Replacing the modern alto, tenor and bass trombone with excellent copies of Baroque sackbuts meant that these instruments produced a soft sound which is by far more complimentary when performing with choir and strings. One of the changes the singers had to get used to is singing at the pitch of A=430Hz, and not A=440. For the trebles and tenors this lower pitch made their parts slightly easier, resulting in a more relaxed sound and better tuning in the higher register.

The three performances of the Mozart Requiem were given standing ovations by very appreciative audiences. This reflects the enthusiasm which was almost tangible during all the rehearsals and performances.

From a music educator's point of view this project has had a profound impact on the music teachers at St John's College: Not only is there an awareness of the need to be better informed about the principles of historically informed performance practice, but there is an awareness that we as music teachers have the obligation to our own students to educate ourselves in order to make better sense of performance practices of the Baroque and Classical material we teach our pupils.

I am personally very grateful to the Rupert Foundation who made this collaboration possible. Initiatives like these are very rare and will always have a massive financial implication. I am also grateful to Gerhard Benade (Deelfontein) who was instrumental in making these performances a reality. I hope that we will be able to continue with similar projects in future.

St John's College has taken the initiative to ask Antoinette Lohmann back to South Africa from 7 – 10 July 2017 to present a workshop to all interested music teachers about the principles of HIP. We hope to attract many teachers to this weekend.

8. Finansiële Verslag

'n Opsomming van die finansiële verslag, wat as Excel-legger beskikbaar is, word hier gegee. Die finansiële grondslag van die samewerking is dat St. John's College die volledige koste van die konsert in Johannesburg, soos wat dit vir 'n plaaslike ensemble sou wees, oorneem. Die Koepel Kunstesentrum betaal die ekstra koste wat deur die buitelandse musici veroorsaak word, asook die volledige koste vir die twee konserte in Vredefort en Pretoria.

Inkomste:	
Toekenning van die Rupert Musiekstigting	72 480
Bydrae uit begroting van St. John's College	8 000
Inkomste van konsert in Vredefort	15 000
Inkomste van konsert in Pretoria	27 560
Totaal	**123 040**
Uitgawes:	
Vlugte (Lohmann, Mücke, Ezra)	35 945
Huur van kerke	3 300
Honoraria	79 880
Reklamemateriaal	2 324
Administrasie en diverse uitgawes	1 591
Totaal	**123 040**

9. Impak en resultate van die projek

Daar kan onomwonde beweer word dat hierdie projek alle verwagtings oortref het. Aanvanklike vrese oor die grootte van die koor is deur die uitstekende balans gerusgestel. Die kwaliteit van spel in die orkes, waarin verskeie plaaslike musici vir die eerste keer op historiese instrumente meegewerk het, was deurgaans uitstekend. Die projek het groot geesdrif by alle betrokkenes ontketen. Twee skoliere van St. John's College het in die orkes meegewerk, en die positiewe invloed wat hierdie ervaring op hulle sowel as op die lede van die groot en baie goeie koor van die skool het, is onskatbaar. Die musiekdepartement, onder leiding van Ben Oosthuizen, bied in Julie 2017 meesterskklasse in historiese uitvoeringspraktyk aan, gelei deur Antoinette Lohmann. Hierdie ontwikkelinge is alles te danke aan die afgelope twee jaar se samewerkingsprojekte.

Die betaalde geleenthede vir plaaslike musici om hulle uitvoeringsvaardighede in Vroeë Musiek te ontwikkel, is uiters beperk in Suid-Afrika; dit is een van die belangrikste struikelblokke in die vestiging van die beweging. Hierdie projek, en die ander projekte wat deur die Kunstesentrum aangebied word, is daarom uiters waardevol om musici te help oortuig om in kundigheid op die gebied te belê, en waardevolle ervaring onder deskundige leiding te versamel.

Verder speel die beskikbaarheid van historiese instrumente (strykstokke, dermsnare, blaasinstrumente) ‘n groot rol om soorgelyke uitvoerings moontlik te maak en bevestig die korrektheid van die Kunstesentrum se beleid om instrumente aan te skaf en beskikbaar te stel. Sedert die koop van die stel baroktrombone aan die einde van 2015 is die instrumente deurlopend gebruik en het verskeie projekte moontlik gemaak, onder andere die hoogs suksesvolle produksie van Monteverdi se Orfeo deur die Kaapstadse Opera. Intussen is benewens strykstokke en dermsnare vir strykinstrumente ook ‘n klassieke fagot aangeskaf, en daar word beplan om ‘n kornet en ‘n barokhobo vir toekomstige projekte aan te koop.